Storiesterre vir Klein Harte

Koekoek se Groot Avontuur



ANNABEL LIVERSAGE



Koekoek se Groot Avontuur

Solank as Koekoek kan onthou ... woon hy gelukkig saam Oupa Dirk en Ouma Lenie ... teen die muur in hulle knus huisie.

Elke uur het Koekoek sy kop deur
die deurtjie gesteek en geroep:
“Koekoek! Koekoek!”
Vir elke uur ’n koekoek.
Maar Koekoek was nie gelukkig nie.
Dag in dag uit — het hy dieselfde
gedoen.
Uit en in ... uit en in ...
Hy het gesug ... “Is dit al wat ek ooit
gaan doen?”





Na al die jare het Oupa ook moeg geraak vir die eentonige, bruin kleur van die klok. Oupa het verf uit die motorhuis gaan haal. Hy het blommetjies en voëltjies op Koekoek se huisie geverf.

Dit het mooier gelyk, maar steeds nie
so vrolik soos die tuin nie; en
Koekoek was nog nie gelukkig nie.
Op ’n dag het hy deur sy venstertjie
gekyk ...





En daar buite het ’n wonderlike
wêreld gewag!
Voëltjies het vrolik gesing in die son.
Bye het gesoem tussen die blomme.
Skoenlappers het gedans in die lig.
Koekoek se ogies het groot geword.
Hy het verstom gekyk; en sommer
net bietjie jaloers gevoel.
Toe neem Koekoek ’n groot besluit.
Hy het diep gedink ... “Ek wil ook
daar buite wees!”

Met ’n klein sprongetjie — en nog een — het Koekoek uit sy huisie geklim.
Hy het op die tafel geland en toe deur die venster geglip!





In die tuin het Koekoek probeer
saam sing.
Hy het sy bekkie oopgemaak maar ...
geen geluid nie.

Hy het sy vlerkies geklap maar ... niks
het gebeur nie.
Koekoek het gesukkel; en stadig
begin moed verloor.





Intussen in die huis was daar groot gewoel!
Oupa en Ouma was vas aan die slaap; salig onbewus van Rooie die haan se kraai!
Oupa het hard gesnork, geklink of hy balke saag...


Ouma het haar boeglam geskrik toe sy Sonnetjie gewaar; wat by die kamervenster inloer.
Ouma het opgespring sonder tande sonder bril; en kombuis toe gewaggel.





In die kombuis het die brooddeeg
wat al in die oond moes wees; met
bolwange oor die skottel se rant
getuimel!
Hals oor kop het Ouma probeer om
die brood in die oond te kry!
Die kombuis was ’n deurmekaarspul!

Oupa het met die gewerskaf wakker geskrik en hals oor kop kombuis toe gestorm ... ook sonder tande en sy bril.





Die hondjie Snippie en Kietsie die katjie het vir kos gebedel.
Oupa het maar geduldig vir sy koffie en beskuit gewag. Vandag, was daar nie tyd vir ontbyt nie.
“O jinne!”
Die rook het uit die oond geborrel!
Die brood was verbrand!

Moeg gewerk, het Oupa later by die dammetjie gaan sit om te rus en aan die slaap geraak. Hy het die kraan oop vergeet!
Maar hy was nie bewus ... dat die water al voller en voller word nie.





Die vissies het hul ogies al groter gerek.
“O griet!”
Die dammetjie het oorgeloop!
Oupa het opgespring, gegly en —
kaplaks — op sy boude geval!

Koekoek het alles gesien. Hy het stil-stil gekyk hoe Oupa en Ouma saam op die bankie sit.
Oupa met sy hoed oor sy oë en Ouma wat lusteloos deur ’n tydskrif blaai.
Hulle het sommer bietjie moedeloos gelyk.
Skielik voel Koekoek minder jammer vir homself.
Hy besef: dit is tog nie so sleg om koekoekvoëltjie te wees nie.
Hy het ’n belangrike rol!





Stadig met sy koppie gebuig; hop hy terug huis toe.
Een groot sprong tot op die eetkamertafel; nog een na sy deurtjie toe.
En daar klim hy terug in sy huisie.
Baie later kom Oupa weer in.
Sy oë dwaal na die klok teen die muur.

“Wêreld, ou vrou!” roep hy.
“Weet jy hoekom het alles vandag so skeefgeloop?”
“Ek het skoon vergeet om gisteraand die koekoekklok op te wen!
Koekoek het nie geroep nie!”
Net toe gaan die deurtjie oop en daar is hy!
“Koekoek! Koekoek!”
Oupa en Ouma kyk op ... en glimlag.
Koekoek glimlag skelmpies. Hy dink by homself:
“Ek is só dankbaar vir my veilige huisie.
En ek wil nêrens anders wees nie; en ek het altyd vir Oupa en Ouma by my.”





Slotgedagte

Soms is die plek waar jy hoort, die plek waar jy die meeste beteken. Ouma sê altyd: “Blom waar jy geplant is.”